# Sondag, 21 Augustus 2022

**Skriflesing:** Matteus 6:25-34

**Tema:** Net vir vandag: Ek sal nie bekommerd wees nie.

## Skriflesing

**Die sorge van die lewe**

**(Luk. 12:22-34)**

25 "Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink
nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die
liggaam as klere nie? 26 Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in
skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? 27
27 Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? 28 En
wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak
nie klere nie. 29 Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle
nie. 30 As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so
versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?
31 "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet
ons aantrek?' nie. 32 Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader
weet tog dat julle dit alles nodig het. 33 Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir
die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.
34 "Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag
bring genoeg moeilikheid van sy eie."

**Johannes 8:47a: 'Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God.'**

## PREEK

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Ons het verlede week begin 'n reeks – Net vir vandag. Die gedagte is dat ons as gelowiges dit sinvol kan vind om te fokus op seker dinge – Net vir vandag. Verlede week het ons gesê – Net vir vandag: sal ek dankbaar wees.

Kom ons kyk wat is 'n volgende saak waarop ek en jy kan fokus – Net vir vandag.

Net vir vandag – sal ek nie bekommerd wees nie.

**Inleiding**

Die lewe is vol sorge en bekommernis. Almal van julle weet dit, want julle belewe dit elke dag. Ek vermoed julle het almal al gevoelens soos die volgende ervaar:

*"Ek het so baie om te doen, ek weet nie hoe ek ooit betyds gaan klaarkry nie";*

*"Ek raak skoon beangs as ek dink aan hoeveel dinge kan skeefloop"*;

*"Sê nou net hierdie slegte ding of daardie slegte ding gebeur dalk?"*

So stres ons oor die lewe.

Jesus leer ons egter hoe ons die sorge van die lewe, wat nou maar een maal daar is, moet hanteer. Wat Hy ons hieroor leer, staan in die gedeelte wat ons vanoggend gelees het. Die kern van wat Hy geleer het, is: *"Moet jou nie bekommer nie."*

So staan daar in **vers 25**:

"*Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie."*

In **vers 31** staan daar:

*"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is."*

En in **vers 34** staan daar:

*"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."*

Hoe moet ons nou hierdie woorde van Jesus verstaan?

Ek dink Jesus wil vir ons leer wat die dinge is wat werklik belangrik is, en dat ons ons krag en energie daaraan moet spandeer en nie aan die dinge wat minder belangrik is nie. Moenie jou bekommer oor dit wat minder belangrik is nie. Fokus eerder op die wesenlike dinge, dit wat werklik belangrik is. En dan is daar veral vier dinge wat werklik belangrik is, waarop ons moet fokus. Ek dit wil sê, waarop ek en jou, NET VIR VANDAG, moet fokus.

**Een:** Die lewe gaan om meer as net kos en klere en besittings.

**Twee:** Wat werklik belangrik is, is dat God vir ons sorg.

**Drie:** Wat werklik belangrik is, is God se koninkryk.

**Vier:** Wat werklik belangrik is, is dat jy fokus op die dinge waaraan jy wel iets kan doen.

Kom ons kyk in meer detail na elke een van hierdie vier sake.

**Die lewe gaan om meer as net kos en klere en besittings**

In die eerste plek: Die lewe gaan om meer as net kos en klere en besittings. In vers 25 staan daar:

*“Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?”*

Jesus sê hier baie duidelik dat daar dinge is wat belangriker as kos en klere en besittings is. Dit is natuurlik die skatte in die hemel wat ewigheidswaarde het.

Kom ons neem enige iets waaroor jy bekommerd is. Sê maar dit is dat jy jou werk gaan verloor, of dat jy jou huis gaan verloor of dat jy jou kar gaan verloor of selfs dat jy bankrot gaan speel. En nou gebeur daardie slegte ding.

Wat nou?

Wat gaan jy dan doen?

Wel, jy gaan steeds elke oggend opstaan en aangaan met jou lewe. Jy gaan dalk nie so goed voel nie, dit gaan dalk bitter sleg vir jou wees, maar uiteindelik gaan jy weer een voet voor die ander sit en doen wat jy elke dag moet doen. Jou lewe gaan dalk nie meer so gemaklik wees nie, maar jy gaan aanpassings maak en nuwe planne maak. Jy gaan nog jy wees. Die mense na aan jou gaan nog steeds die mense na aan jou wees. En die belangrikste van alles: God gaan nog steeds jou God wees.

Jou werk, jou huis, jou kar, jou kos en jou klere, is alles belangrik, ja, maar dit is relatief. Al is dit hoe belangrik, is dit steeds minder belangrik as die dinge wat werklik saak maak, naamlik dat jy, jy is en dat God jou God is.

Dink ‘n bietjie oor die volgende vraag:

Wat is die dinge wat waarlik aan jou vervulling gee?

Wat is die dinge wat werklik jou lewe vol maak?

Kos en klere en besittings kan jou wel goed laat voel, maar uiteindelik kan dit nie ware vervulling gee nie en kan dit nooit jou lewe heeltemal volmaak nie. Nee, wat ware vervulling gee en jou lewe

volmaak, is die geloof dat God jou God is, dat jy sy kind is, dat jy ‘n nuwe lewe van Hom af ontvang het, kortom, al die vrede en tevredenheid wat die hemelse skatte aan jou gee. Dit ís soos Jesus gesê het: *Die lewe is belangriker as kos en die liggaam as klere.*

NET VIR VANDAG – sal ek glo dat God my God is,
dat ek Sy kind is,
dat ek ‘n nuwe lewe van Hom af ontvang het.

**Wat werklik belangrik is, is dat God vir jou sorg**

Weet jy wat gaan nog gebeur, as daardie slegte ding wat jy vrees en waaroor jy bekommerd is, dalk tog gebeur?
Die Here gaan maar weer vir jou sorg. As jy terugkyk op jou lewe, sal jy sien hoe die Here in jou grootste teenspoed tog maar weer vir jou gesorg het en hoe Hy jou in jou donkerste tye deurgedra het.

Dit is dan die tweede belangrike ding wat Jesus vir ons wil leer:
Wat werklik belangrik is, is dat God vir ons sorg. Kyk net na die wilde voëls. Hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie en tog sorg God vir hulle. Ons is mos meer werd as hulle. As God dan vir hulle sorg, hoeveel te meer sal Hy nie vir ons sorg nie?
Dieselfde geld van die veldlelies. Hulle swoeg nie en maak nie klere nie en tog was selfs Salomo in al sy prag nie geklee soos een van hulle nie.
Dit geld ook van die gras van die veld wat vandag nog daar is, maar môre verbrand word. As God dit so versier, hoeveel te meer sal Hy nie vir ons sorg nie?

Wanneer jy werklik glo dat die Here vir jou sal sorg, bring dit tog ‘n rustigheid. Jy het wel baie sorge en bekommernisse, maar jou sorge en bekommernisse word getemper. Jy hoef nie so angstig oor alles te wees nie, want jy weet ook in donker tye sal die Here jou dra. As jy op God vertrou, kan jy vry kom van lewensangs. Jy word wel gestress, maar jy verval nie in wanhoop nie, want jy vertrou op God.

Vertroue op God beteken nie dat alles altyd voorspoedig sal gaan nie. Dit beteken net dat die monster wat ek vrees, nie so groot is as wat jy hom maak nie. Al is die monster ook hoe groot, is

dit nog kleiner as God se sorg en die dinge wat werklik saak maak. Geen teenspoed of wat ook al jy oor bekommerd is, kan groter wees as God se sorg.
NET VIR VANDAG sal ek onthou dat God vir my sorg.

**Wat werklik saak maak, is God se koninkryk**
Dit bring ons by die derde belangrike ding wat werklik saak maak, naamlik God se koninkryk. In **Matteus 6:33** staan daar: *"Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."*
In die **1933/53**- Vertaling is dit soos volg vertaal: *"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*

Om die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek, beteken om God se belange altyd eerste te stel. Baie keer hoef ek nie tussen God se belange en my belange te kies nie. As ek hard werk om iets te bereik, is dit nie noodwendig teen God se belang nie. Dit gaan oor ons - *'ten alle koste'* - doelwitte, die dinge wat vir ons so belangrik is dat ons geluk en vervulling dáárvan afhang. Die ironie is dat kos en klere en besittings soms vir ons '*ten alle koste'* doelwitte word, asof ons geluk daarvan afhang. Nee, die koninkryk van God is waar jou geluk en vervulling lê. Soek daarom eers die koninkryk van God en al hierdie dinge sal vir jou bygevoeg word.

Glo dit! As jy dinge soos aardse skatte verloor, het jy steeds skatte in die hemel. As jy jou werk verloor of jou gesondheid verloor of verlam raak of wat ook al, het jy steeds die koninkryk van God. En omdat dít alleen vir jou vervulling gee, hét jy steeds vervulling!

God se geregtigheid is dit wat Hy wil hê, sy wil, dit wat reg is voor Hom. Dít is wat jy moet najaag. Jy moet maar hierdie een doel in jou lewe hê, naamlik om te doen wat reg is voor God. Wanneer ander jou verontreg of verkeerd doen of wanneer dinge skeefloop, moet jy maar net vra:
Wat is die regte ding voor God om nou te doen?

NET VIR VANDAG beywer jou vir die koninkryk van God.

**Doen die dinge waaraan jy iets kan doen, nie die dinge waaraan jy niks kan doen nie**
Die vierde belangrike ding is:
Doen die dinge waaraan jy wel iets kan doen, nie die dinge waaraan jy niks kan doen nie.

In *Matteus 6:34* staan daar: *“Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.”*

Hoeveel kan jy oor more doen?
Niks, want more is nog nie hier nie. Die probleem van bekommerd wees oor môre, is dat jy iets probeer doen aan iets waaraan jy niks kan doen nie.

Soveel keer gebeur dit dat mense wat hulle bekommer, die aand doodmoeg is. Iemand wat hom heeldag bekommer, mag dalk sê: “*Ek kan dit nie verstaan nie. Ek het heeldag niks gedoen nie, maar ek is so moeg.”* Wat hy nie verstaan nie, is dat hy nie heeldag niks gedoen het nie.
Hy het hom heeldag bekommer en bekommer en dit is harde werk!
Dit maak jou moeg!
Die probleem is net, dit is harde werk wat niks uitrig nie. Dit is harde werk sonder resultate.

As jy jou oor môre bekommer, spandeer jy ‘n klomp krag en energie daaraan. Sê maar jy gebruik 20% van jou energie aan môre se dinge. Dan het jy net 80% vir vandag se werk oor.
Dan is jy minder effektief en jou probleme word groter.
My skouers is net breed genoeg vir vandag se las. Ek kan nie nog môre se las ook dra nie. Ek kan ook nie gister se las dra nie. Daarom het God aan ons die wonder van vergifnis gegee om met gister te kan klaarmaak.

Beteken dit dat ons glad nie vir môre moet beplan nie?
Nee, ons moet vir môre beplan.
Hoekom?
Want beplanning vir môre is vandag se werk. Die uitvoering van die plan is wel môre se werk, maar die beplanning is vandag se werk. Nadat ek die beplanning klaar gedoen het, moet ek dit vir môre laat, met die volgende geloof:
As dit nie gaan uitwerk soos ek beplan het nie (dit waaroor ek so bekommerd is), gaan dit niks verander aan die dinge wat werklik saak maak en aan my vervulling gee nie.

Uiteindelik gaan dit oor wat my taak is en wat nie. Sekere dinge is nie in my hande nie, maar in God se hande. Ek moet vir myself uitmaak wat my verantwoordelikheid is en wat God se verantwoordelikheid is.

Die dinge wat God se verantwoordelikheid is, moet ek in sy hande laat. Dit is dinge waaraan ek niks kan doen nie.
Ons probleem is dat ons dit wat God se verantwoordelikheid is en waaraan ons daarom niks kan doen nie, uit God se hande wil wegvat en self iets daaraan doen. Laat dit in God se hande, want jy kan Hom met jou lewe vertrou!
Die bewys daarvan, dat jy Hom met jou lewe kan vertrou, is dit wat Hy deur sy Seun gedoen het om jou uit die dood te red en aan jou die ewige lewe te gee.

NET VIR VANDAG sal ek God vertrou vir die dinge waaraan ek niks kan doen nie.

**Slot**
Ons Here Jesus Christus het nie net aan die kruis vir ons sondes betaal nie. Hy het nie net vir ons 'n nuwe lewe, die ewige lewe, gegee nie. Nee, Hy leer ons ook hoe ons in hierdie nuwe lewe moet lewe. Hy leer ons hoe ons die sorge en bekommernisse van die lewe moet hanteer. Hy leer ons om dit te hanteer deur op die regte dinge te fokus. Hy leer ons om te fokus op die dinge wat werklik saak maak, die dinge wat ewigheidswaarde het.
NET VIR VANDAG – sal ek glo dat God my God is,
dat ek Sy kind is,
dat ek 'n nuwe lewe van Hom af ontvang het.
NET VIR VANDAG sal ek onthou dat God vir my sorg.
NET VIR VANDAG beywer ek my vir die koninkryk van God.
NET VIR VANDAG sal ek God vertrou vir die dinge waaraan ek niks kan doen nie.
**Amen**